



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2022**

**VRYSTAAT**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 40**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: KORTVERHALE

## VRAAG 1: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

## VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | Wilgerspruit | 1 |
| 1.2 | • (Hy was 'n) padmaker.<br>• (Hy het) paaie gemaak/gebou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.3 | • Hy het heeldag in die warm son gewerk./Dis warm./Son<br>• Daar is baie stof./(Baie) stof<br>• Daar is baie lawaai./(Baie) lawaai<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.4 | kontras | 1 |
| 1.5.1 | haastig | 1 |
| 1.5.2 | saamry-geleentheid kry | 1 |
| 1.6 | B/dankbaar was vir elke kans om huis toe te kon gaan. | 1 |
| 1.7 | (Gouws het) **een keer 'n maand/elke maand** (huis toe gegaan). | 1 |
| 1.8.1 | D/... het nie met leë hande by die huis gekom nie. | 1 |
| 1.8.2 | B/... was die laaste om na die man toe te hardloop. | 1 |
| 1.8.3 | A/... is deur die hond gewaarsku dat die man aankom huis toe. | 1 |
| 1.8.4 | E/... het besef daar is mense wat met min tevrede is. | 1 |
| 1.9 | • Die verteller het Gouws in die hoofstraat afgelaai.<br>• Gouws het met al sy bagasie afgestap huis toe.<br>• Gouws het sy bagasie neergegooi om sy gesin te groet.<br>• Die gesin het nie gesien toe die verteller by hulle verbyry nie.<br>*(Die kandidaat kry 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.10.1 | • Die verteller wou sien of Gouws die waarheid gepraat het.<br>• Die verteller wou self sien hoe Gouws en sy familie mekaar groet.<br>• Die verteller wou seker maak dat daar nie iets skort/verkeerd is nie.<br>• Die storie wat Gouws vir die verteller vertel het, was ongewoon/ anders as wat mense gewoonlik doen. (Daarom wou die verteller sien of dit werklik so is.)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.10.2 | Gouws ...<br>• het die positiewe in dinge/die lewe raakgesien./was 'n positiewe mens,<br>• het oplossings vir elke probleem gehad.<br>• het nie oor sy harde werk/moeilike werksomstandighede gekla nie.<br>• het gesê dat hy baie het om voor dankbaar te wees.<br>• was trots op sy werk waardeur hy ander mense gehelp het./het die pad vir ander mense gemaak/het aan ander mense gedink.<br>• het moeite gedoen om sy tuiskoms lekker te maak vir sy gesin.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11 | Ek dink ...<br>• dit was goed/mooi/reg van die verteller, want so het hy iemand anders gehelp.<br>• die verteller het gewys dat hy vir ander mense omgee.<br>• die verteller was verkeerd/dom/onverantwoordelik, want dit is gevaarlik om vreemdes op te laai/hy kon aangeval/beroof word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.12 | • Die skrywer het die tuiskoms twee maal (in detail) beskryf.<br>• Aan die einde van die verhaal beskryf die skrywer presies hoe Gouws by die huis gekom het.<br>• Aan die einde van die verhaal was Gouws se tuiskoms presies soos hy dit vir die verteller vertel/beskryf/verduidelik het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

## VERHAAL B: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H de Vries

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.13 | (Op) Saterdag | 1 |
| 1.14 | • Rooikoos het nie meer sy eie huis/plot/grond gehad nie./Rooikoos het al sy eiendom verloor.<br>• Rooikoos het kos in die hotel gekry.<br>• Dit was naby die kroeg./Hy het nie nodig gehad om ver te loop kroeg toe nie./Die hotel het drank/alkohol gehad.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.15.1 | baard | 1 |
| 1.15.2 | gepraat/geskree/gebulder | 1 |
| 1.15.3 | kantien/kroeg | 1 |
| 1.15.4 | dronk/gedrink/besope/gesuip | 1 |
| 1.16 | (Die) hoteleienaar | 1 |
| 1.17.1 | maklike | 1 |
| 1.17.2 | ongelukkig | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.18 | B/die twee spanne ewe veel punte gehad het. | 1 |
| 1.19.1 | C/... het nie die persoon in die spieël herken nie. | 1 |
| 1.19.2 | E/... het 'n goeie naam gehad. | 1 |
| 1.19.3 | A/... se fout het veroorsaak dat sy span nie gewen het nie. | 1 |
| 1.19.4 | B/... moes gaan kyk of kamer elf se gas in die kamer was. | 1 |
| 1.20 | Rooikoos het ...<br>• gesien die kamer lyk anders.<br>• nie die kelner (wat die koffie gebring het) geken nie.<br>• gesien daar is 'n appelboord oorkant die hotel/nie die stadsaal gesien nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.21 | • Hulle het geweet hy het 'n drankprobleem.<br>• Hy was reeds dronk.<br>• Hulle het hom gesterk in sy kwaad.<br>• Hulle het hom beloon vir iets wat hy verkeerd gedoen het.<br>• Hulle het geweet hy doen verkeerde dinge as hy so dronk is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.22 | Die Barrydalers het ...<br>• vir hom betaal om die nag in Barrydale se hotel te slaap/hom nie buite laat slaap nie.<br>• sy klere op die stoel gelos.<br>• hom nie seergemaak/voor ander mense verneder nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.23 | Rooikoos het ...<br>• nie geweet wie hy was nie.<br>• nie geweet waar hy was/hoe hy op Barrydale gekom het nie.<br>• niemand gehad om mee te praat nie/alleen gevoel.<br>• gedink dat niemand eers na hom gesoek het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.24 | Ek het geleer dat ...<br>• alles wat 'n mens/jy doen, gevolge vir jou het.<br>• 'n mens nie slegte dinge aan ander moet doen nie.<br>• 'n mens/jy nie (te veel) moet drink nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[40]** |

## VRAAG 2: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker

## VERHAAL C: "DIE GEHEIM" – J van Melle

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1 | (Na) Kortjeen | 1 |
| 2.2 | 'n Matroos/Een van die matrose | 1 |
| 2.3 | Sy het (gegly en) in die water geval.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.4 | ironie | 1 |
| 2.5.1 | B/... het gedink die geheim is baie romanties omdat dit werklik is. | 1 |
| 2.5.2 | D/... het gesukkel om al die kinders veilig op die boot te hou. | 1 |
| 2.5.3 | A/... het baie styf aan die lewensredder vasgeklou. | 1 |
| 2.5.4 | E/... het dadelik besluit om die drenkeling se lewe te red. | 1 |
| 2.6 | **Dou** (het gou bygekom nadat die manne hulle uit die water gehaal het). | 1 |
| 2.7 | B/vir niemand van die gebeurtenis vertel nie. | 1 |
| 2.8.1 | steeds | 1 |
| 2.8.2 | vertel | 1 |
| 2.9 | • Leune was al amper twintig toe sy nog nie 'n kêrel gehad het nie.<br>• Dou en Leune het mekaar op 'n sendingfees ontmoet.<br>• Leune en Dou is getroud.<br>• Leune en Dou het uitgevind dat hulle dieselfde geheim gehad het.<br>*(Die kandidaat kry 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 2.10.1 | Dou ...<br>• het dadelik opgetree/in die water gespring.<br>• het nie geaarsel/getwyfel/tyd gemors om eers te besluit of hy sy eie lewe sou waag om iemand te red nie.<br>• was doelgerig/het geweet wat om te doen.<br>• het nie paniekerig geraak nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.10.2 | Leune ...<br>• was baie bang/beangs/paniekerig.<br>• het nie geweet wat om te doen nie/het nie gedoen wat Dou vir haar gesê het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.11 | • Dit wys dat Dou vasbeslote was/sou aanhou probeer om Leune se lewe te red/nie moed sou opgee om Leune te red nie.<br>• Dit wys dat Dou Leune nooit gelos het nie/uiteindelik met Leune getrou het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.12 | • Ek sou Leune gelos het.<br>• Ek sou dat die matrose haar gered het.<br>OF<br>• Ek sou ook aanhou probeer het/haar ook nie gelos het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.10.2 | Leune ...<br>• was baie bang/beangs/paniekerig.<br>• het nie geweet wat om te doen nie/het nie gedoen wat Dou vir haar gesê het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.11 | • Dit wys dat Dou vasbeslote was/sou aanhou probeer om Leune se lewe te red/nie moed sou opgee om Leune te red nie.<br>• Dit wys dat Dou Leune nooit gelos het nie/uiteindelik met Leune getroud is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.12 | • Ek sou Leune gelos het.<br>• Ek sou dat die matrose haar gered het.<br>OF<br>• Ek sou ook aanhou probeer het/haar ook nie gelos het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL D: "LEUENS" – CM van den Heever**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.13 | Saterdag(môre) | 1 |
| 2.14.1 | onderwyser | 1 |
| 2.14.2 | bus | 1 |
| 2.14.3 | Vrededorp | 1 |
| 2.14.4 | tolletjies | 1 |
| 2.15 | Sy was skaam. | 1 |
| 2.16 | Naomi het gesê dat ...<br>• haar man 'n sakeman is.<br>• hulle in Westcliff woon.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.17.1 | D/... was jare gelede aan 'n rykmanslewe gewoond. | 1 |
| 2.17.2 | E/... het ander blameer vir dinge wat verkeerd geloop het. | 1 |
| 2.17.3 | C/... het in armoede en 'n swak omgewing grootgeword. | 1 |
| 2.17.4 | A/... het gereeld oorsee gereis. | 1 |
| 2.18 | Naomi se man het ...<br>• Naomi en haar vriende 'n klomp "snobs" genoem.<br>• gevra hoekom Naomi Olga nie net laat staan/uitlos nie.<br>• die deur agter hom toegeklap.<br>• homself bejammer/gesê hy is mos van die "lae klas".<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.19.1 | suksesvolle | 1 |
| 2.19.2 | werkloos | 1 |
| 2.20 | B/mense begin vermy het. | 1 |
| 2.21 | Dit het vir Naomi kans gegee om ...<br>• vrede met haar situasie/hulle armoede te maak.<br>• rustig/kalm te raak voordat sy by die huis kom.<br>• te besef dat geld nie alles is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.22 | • Hulle waardes/lewensomstandighede het te veel verskil.<br>• Daar het 'n verwydering tussen hulle gekom.<br>• Hulle het mekaar nie regtig meer geken nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.23 | • As man het hy nie vir haar gesorg/haar ondersteun nie.<br>• Hy het lelik met haar gepraat.<br>• Hy het haar 'n snob genoem.<br>• Hy het met haar baklei omdat sy laat by die huis gekom het.<br>• Hy het nie vir hom en die seuntjie kos gemaak terwyl Naomi weg was nie.<br>• Hy het ander vir hulle omstandighede blameer/homself bejammer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.24 | Ek het geleer dat ...<br>• dit beter is om die waarheid te praat.<br>• die waarheid altyd uitkom/mense agterkom as jy lieg.<br>• as 'n mens eers een leuen vertel het, moet jy dikwels aanhou om te lieg.<br>• jy later skaam kry vir jouself omdat jy lieg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[40]** |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 3: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | Silwerkloof (Stalle)<br>*(Aanvaar nie Sil**v**erkloof nie, want dit is Engels)* | 1 |
| 3.2 | Binki/Bianca | 1 |
| 3.3 | • Dit was sy straf./Hy moes 'n les leer.<br>• Lucky moes sy gemeenskapsdiens daar uitdien.<br>• Lucky het iets verkeerds gedoen/was wreed teenoor diere/het (6) katjies doodgemaak/verdrink/diere mishandel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.4 | (Lucky moes vir) **drie/3 maande/honderd uur** (lank elke naweek op die perdeplaas werk) *(Fokus op die DRIE)* | 1 |
| 3.5 | 'n vergelyking | 1 |
| 3.6.1 | gehoorsaam | 1 |
| 3.6.2 | teruggepraat met Wilma | 1 |
| 3.7.1 | D/... het beter gevoel oor wat met Grace gebeur het. | 1 |
| 3.7.2 | A/... het respek vir diere en ander mense geleer. | 1 |
| 3.7.3 | E/... was nie meer bang vir perde en ander mense nie. | 1 |
| 3.7.4 | B/... se gestremde lyf kon deur perdry geoefen word. | 1 |
| 3.8 | D/iets verkeerds gedoen het. | 1 |
| 3.9 | • Lucky het Tinkerbelle laat weghardloop.<br>• Binki het vir Lucky toebroodjies vir middagete gebring.<br>• Lucky het vir Binki vertel dat sy ma elke aand vir hulle kos kook.<br>• Binki het vir Lucky vertel wat met Dukie gebeur het.<br>*(Die kandidaat kry 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 3.10.1 | Binki ...<br>• se (eie) ma het nie tyd of aandag aan haar bestee nie.<br>• se ma was te besig/dikwels oorsee/altyd besig.<br>• se ma het nie gewys dat sy omgegee het vir haar nie.<br>• het iemand nodig gehad om vir haar te sorg/om te gee.<br>• se (eie) ma gril vir haar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

<table>
<tr><th>VRAAG</th><th>ANTWOORD</th><th>PUNT</th></tr>
<tr><td>3.10.2</td><td>In hierdie antwoord kan ons fokus op:<br>• Binki se eienskappe wat Wilma beskermend teenoor haar laat optree het:<br>  ○ Binki was bang/skaam vir vreemde mense./Binki was nie gewoond aan mense soos Lucky nie.<br>  ○ Binki was bang vir perde.<br>  ○ Binki het baie vrese gehad.<br>  ○ Binki het nie selfvertroue gehad nie.<br>• Lucky se negatiewe houding/optrede:<br>  ○ Lucky was baie anders as Binki/het lelik gepraat.<br>  ○ Lucky het vir Binki geterg/haar moedeloos gemaak/haar moed gebreek/haar afgekraak.<br>  ○ Lucky wou nie op die plaas wees nie.<br>  ○ Lucky was van die begin af moeilik/wou nie luister nie/was stout.<br>  ○ Lucky was 'n boelie/het vir Binki geboelie.<br>  ○ Lucky was aggressief/onbeskof/het Binki seergemaak met die dinge wat hy gesê het.<br>  ○ Lucky het nie respek vir ander gehad nie.<br>  ○ Lucky raak ongeduldig as sy aarsel. (soos dit in die teks staan)<br>  ○ Lucky het 'n slegte houding teenoor die perde gehad.<br>  ○ Lucky het katjies doodgemaak/was wreed.<br>  ○ Wilma het gedink Lucky was 'n slegte persoon.<br>• Wilma was bang dat Lucky vir Binki negatief sou beïnvloed.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</td><td>1</td></tr>
<tr><td>3.11</td><td>• Baie jongmense praat so/meng hulle taal.<br>• Dis hoe tieners/jongmense/die mense in sy omgewing praat.<br>• Dis nie sy huistaal nie/hy is 'n Xhosaseun/-spreker.<br>• Dit maak Lucky se karakter geloofwaardig./Dit sou vreemd wees as Lucky suiwer Afrikaans gepraat het.<br>• Lucky weet nie altyd hoe om iets in Afrikaans te sê nie/het nie die nodige woordeskat om in Afrikaans te praat nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</td><td>1</td></tr>
<tr><td>3.12</td><td>Ek sou vir hom ...<br>• gesê het dat 'n mens nie so praat wanneer jy tussen ander/vreemde mense is nie.<br>• gevra het of dit is wat sy ma van hom verwag het/wat sy ma sou dink as sy hoor hoe hy praat.<br>• gesê het dat dit swak maniere is.<br>• ander/beter/alternatiewe woorde gegee het om te gebruik.<br>• gesê het dat hy ander mense moet respekteer/mooi met ander mense moet praat.<br>• verduidelik het dat lelike taal aanstoot gee/mense kwaad maak.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</td><td>1</td></tr>
<tr><td>3.13</td><td>(Op) Saterdag/Saterdae</td><td>1</td></tr>
</table>

Kopiereg voorbehou 

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.14 | B/hy dit sou regkry dat die perd na hom luister. | 1 |
| 3.15 | • Hy het gedink die perd is dom/kan nie vir homself dink nie/het 'n klein brein.<br>• Hy het nie genoeg van perde af geweet nie.<br>• Hy was kwaad vir Wilma.<br>• Hy was sarkasties.<br>• Hy het nie van diere gehou nie.<br>• Hy het niks van Kaizer gedink nie.<br>• Diere/perde kan nie hoor/luister wat mense sê nie/kan nie mooi dink nie.<br>• Kaizer wou nie na Lucky luister nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.16 | • Sy ma se salaris was minder as wat een kat gekos het. /is min betaal/het min geld verdien.<br>• Sy ma moes baie hard werk.<br>• Sy ma moes baie vroeg in die oggend/baie ver ry om betyds by haar werk te wees.<br>• Sy ma moes agter ander mense skoonmaak.<br>• Daar was baie goed in die buitekamer gestoor wat hy eerder kon gebruik.<br>• Die mense het hulle katte beter behandel/meer omgegee as vir hom/sy ma.<br>• Hy moes buite wag terwyl die katte in 'n Zozo-hut was.<br>• Hy was kwaad vir ryk mense/vir die ryk mense vir wie sy ma gewerk het/het nie van ryk mense gehou nie.<br>• Hy wou net iets seermaak omdat hy self seer was.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Let wel: Die TWEE redes mag nie na dieselfde aspek verwys nie)* | 2 |
| 3.17.1 | vergewe/vergeef/verskoon/vergifnis<br>*(Aanvaar spelfout indien dit nie die betekenis van die woord verander nie, bv. vergief/vergefe maar NIE vergif NIE).* | 1 |
| 3.17.2 | poot/voorpoot/voet/been/hoef/enkel<br>*(Aanvaar spelfout indien dit nie die betekenis van die woord verander nie, bv. bien)* | 1 |
| 3.17.3 | water | 1 |
| 3.17.4 | verbaas/verstom/geskok/woordeloos/<br>dankbaar/tevrede/bly/gelukkig/opgewonde/beïndruk/geamuseerd/<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.18.1 | • C/Mevrou Mhlope het nie meer by die ryk mense gewerk nie.<br>• B/Die swart hings het kwaai gereageer.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 3.18.2 | E/Binki het haar ma baie min gesien. | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.18.3 | A/Die perde is gebruik om ander mense te help. | 1 |
| 3.18.4 | D/Binki het nie elke dag skool toe gegaan nie. | 1 |
| 3.19 | • Binki het haar letsels/littekens/scars weggesteek/wou nie gehad het mense moes haar letsels sien nie.<br>• Binki was skaam oor haar letsels/het gedink ander mense gril vir haar.<br>• Binki het letsels op haar arms gehad/brandwonde opgedoen toe hulle huis afgebrand het./Binki se arms het gebrand.<br>*(Ons aanvaar ook Binki se arms het **af**gebrand)*<br>• Binki het nie selfvertroue gehad nie, a.g.v. haar littekens.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Aanvaar ook **scars** omdat dit so in die teks staan)* | 1 |
| 3.20.1 | per ongeluk | 1 |
| 3.20.2 | haar lewe by Wilma te aanvaar soos dit is | 1 |
| 3.21 | • Dis verkeerd om enige mens 'n vark te noem./'n Mens moet ander mense respekteer.<br>• Alle ryk/wit mense is nie dieselfde/sleg nie.<br>• Nie alle witmense is ryk nie/party witmense kry ook swaar.<br>• Dis verkeerd om mense te stereotipeer.<br>• Jy kry slegte mense in alle kulture.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.22 | In hierdie antwoord kan ons fokus op:<br>• Lucky:<br>Dit het hom geleer ...<br>○ om van diere te hou.<br>○ om respek vir diere/mense te hê.<br>○ dat alle ryk mense nie sleg is nie.<br>○ dat daar mense is wat vir ander omgee.<br>○ om dankbaar te wees vir wat hy het.<br>○ om sy ma se liefde te waardeer.<br>○ dat slegte dinge ook met ander/wit mense gebeur.<br>○ dat perde vir mense luister as jy goed is vir hulle.<br>○ om verantwoordelikheid vir sy dade te aanvaar.<br>• Binki:<br>Dit het haar geleer ...<br>○ om Sabrina "Ma" te noem.<br>○ om nie (meer) bang vir perde te wees nie.<br>○ om oor haar hartseer te praat.<br>○ om nie meer skaam vir/oor haar letsels te wees nie.<br>○ om nie meer bang te wees vir mense soos Lucky nie.<br>• Lucky het vriende met Binki gemaak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.23 | • Die **titel** sê vir ons/beteken dat ...<br>o perde die krag het om mense te help/te genees/gesond te maak. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>• In die **slot** lees ons dat ...<br>o dit wel so in die storie gebeur het.<br>o die perde se krag wel (die) mense/karakters gehelp het.<br>o die mense en diere saam in harmonie met mekaar was.<br>o die mense/karakters se probleme opgelos is/dat hulle gesond geword het/dat hulle lewens beter is.<br>o Lucky met Kaizer praat en dit lyk asof Kaizer hom help om diere te respekteer. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(<u>Let wel</u>: Die vraag dui aan dat kandidate na die betekenis van die titel en die slot moet verwys. Indien 'n kandidaat nie daarin slaag om 'n duidelike verband te lê nie en net by die een aspek uitkom, is dit 1 punt werd.)* | 2 |
| | | **[40]** |

**TOTAAL AFDELING B: 40**
**GROOTTOTAAL: 40**